

Kerkverband en Kerkvisitasie



Op 12 Augustus 2019 het verteenwoordigers uit bykans al die Ringe van die Noordelike Sinode bymekaargekom en saam besin oor kerkverband en kerkvisitasie. Daar is gekyk na watter rol Kerkvisitasie in ons tradisie speel in die vergestaltung van die onderlinge verbondenheid van die verskillende gemeentes. Daarna is in 'n eerste rondte vier ringe besoek en konsulerende voorleggings gemaak. Die gedagte was om saam te soek na die beste praktyke van kerkvisitasie wat ruimte sou laat vir die verskillende kontekste waarin gemeentes en ringe leef en werk. Ongelukkig het Covid-19 'n einde gemaak aan die verdere implementering van die projek. Tog het die loodsprojek oortuigend aangetoon dat ons baie by mekaar kan leer en dat ons kreatief kan soek na nuwe maniere om vir mekaar sorg te dra.



Die besinning het op bogenoemde drie vrae gefokus. Die **waarom**, die **wat** en die **hoe** van kerkvisitasie is uiteraard verweef en moet saamgelees word.

1



Oor die basis waarop die praktyk van kerkvisitasie rus, bestaan daar 'n stewige konsensus in die gereformeerde nadenke oor die kerk. Die belydenis dat die kerk "een en algemeen" is, lei noodwendig tot praktyke en gebruike in die kerk wat daarna streef om die "eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe." (Efes 4:3). Dit is dus 'n geval van "ons doen soos ons glo!" Die oog kan nie vir die hand sê: "Ek het jou nie nodig nie." (1 Kor 12:21). Sodra hierdie teologiese basis verlaat word, kry ons kerkbegrip 'n independente inslag en "doen elkeen wat reg is in sy eie oë." Hierdie skuif na 'n independistiese kerkbegrip is plek-plek sigbaar wanneer gemeentes hulle nie meer steur aan die gesag van meerdere vergaderings nie.





Historiese rede

Dit is wat ons gekies het
(Presbiteriale kerkbegrip)

Artikel 31 Tot die werksaamhede van die ring hoort:
31.1 kerkvisitasie;
31.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;
31.3 advies en hulp aan kerkrade;

Hoe gaan dit regtig met die NG kerk?



- "The Stockdale Paradox": **you must maintain unwavering faith** that you can and will prevail in the end, regardless of the difficulties, **and at the same time, have the discipline to confront the most brutal facts of your current reality**, whatever they might be.

“Armed with this bold vision, Churchill never failed, however, to confront the most brutal facts. He feared that his towering, charismatic personality might deter bad news from reaching him in its starkest form. So, early in the war, he created an entirely separate department outside the normal chain of command, called the Statistical Office, with the principal function of feeding him—continuously updated and completely unfiltered—the most brutal facts of reality.”

Kerkvisitasie het ten doel om te help met 'n eerlike kyk na onself. Is ons as kerk wat ons moet wees en doen ons dit waartoe ons geroep is? Dit het niks te doen met die vergelyking van gemeentes met mekaar en beeldpoetsery nie. Saam wil ons die vordering vier en kollektief treur ons oor mislukkings. Die wyse waarop ons interne probleme hanteer behoort 'n getuienis te wees van die hoop wat in ons leef. Kerkvisitasie gee aan ons die klip om op te gaan sit sodat ons kan praat totdat die koeie huis toe kom.



NG kerk brand af


Getalle, geld, interne spanning, hofsake, sekularisasie, politieke onstabieleit

Visitasie

waarom doen ons dit?

wat is dit?

Wat sal die beste werk vir ons?



Wat is dit?



Visitasie 1 ondersoek. 2 besoek deur 'n geestelike, meestal met die oog op dissiplinêre aksie

Ons verstaan van visitasie het 'n sagter en meer pastorale betekenis as die van die woordeboekdefinisie. Visitasie bied aan ons die geleentheid om 'n eerlike beeld te vorm van wat in die NG Kerk aan die gebeur is. Dit is noodsaaklik om in die konteks van die gesprek oor visitasie tussen "mag" en "gesag" te onderskei. As kerk met 'n gereformeerde presbiteriale kerkregeringstelsel waar Christus regeer en die Bybel ons gesagsbron is, is ons met reg negatief oor magstrukture. Die kerk het 'n dienende karakter en bereik nie dinge deur die uitoefen van mag nie. Dit beteken egter nie dat "gesag" saam met "mag" gedekonstrueer moet word nie. Meerdere vergaderings van die kerk soos die ring en sinode is nie instellings van mag nie, maar het in die uitleef van hulle roeping verseker gesag. Die ring kan en moet 'n gemeente aanspreek wanneer dit nodig is. So dra ons mekaar se laste.

3

Visitasie

- waarom doen ons dit?
- wat is dit?
- Wat sal die beste werk vir ons?

Die proses

- Wie doen dit?
- Skiftelike verslae?
- Elke jaar dieselfde?
- Werk voor die Ringsitting?
- Tydens die Ringsitting?
- Na die Ringsitting?
- Wat is die styl?
- Is dit die moeite werd?

Aanbeveling:

Die Sinode versoek die SDR/Moderatuur om in die volgende termyn weer 'n taakspan aan te wys om voort te gaan met die gesprek oor die noodsaaklikheid en waarde van die praktyk van kerkvisitasie.

Die taakspan ondersoek die moontlikheid om riglyne vir die praktyk van kerkvisitasie op te stel wat deur ringe gebruik kan word met aanpassing vir die eie konteks.